RAADSBELEID

ONDERWERP : SPORTVOORSIENING BINNE DIE MUNISIPALE GEBIED

VERWYSING : 17.7.R

BESLUIT NR : 22.15/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om gesentraliseerde sportgeriewe wat sporttereine, velde, bane en strukture insluit, daar te stel vir gebruik deur die algemene publiek van //Khara Hais munisipale area asook die bevordering van georganiseerde sport en lidmaatskap aan nasionale, provinsiale, streek en plaaslike sportliggame.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Bevordering van nie-rassisme in sport en nasiebou

RIGLYNE EN PROSEDURES

1. Gesentraliseerde Sportgeriewe

1.1 Die primêre doelwit van die Raad is om gesentraliseerde sportgeriewe wat sporttereine, -velde, -bane en -strukture mag insluit, daar te stel vir gebruik deur die algemene publiek van Upington en die bevordering van georganiseerde Sport en lidmaatskap aan Nasionale, Provinsiale, Streek & plaaslike sportliggame.

1.2 Die Raad is ten volle verantwoordelik vir onderhoud en verskaffing van noodsaaklike munisipale dienste aan gesentraliseerde sportgeriewe op voorwaarde:

1. Dat die beheer en bestuur van sodanige gesentraliseerde sportgerief onder die Raad (of 'n gemagtigde Komitee of amptenaar van die Raad) resorteer.

2. Dat die betrokke gesentraliseerde sportgerief tot die algemene beskikking is van alle relevante groepe.

3. Dat sport vir gestremdes, vroue en voorheen benadeelde gemeenskap, bevorder word.

4. Dat nie-rassisme in sport en nasiebou bevorder word.

2. Bystand van Sportklubs ten opsigte van eie sportgeriewe

2.1 Met inagneming van die primêre doelwit waarna in paragraaf 1.1 verwys word, mag die Raad bystand aan sportklubs verleen (waar tans nie munisipale geriewe bestaan nie) om 'n terrein te bekom waarop 'n klub sy sport kan beoefen. Bystand kan die vorm aanneem van:

1. Die tydelike beskikbaarstelling van 'n terrein vir aanwending as informele sportveld. In hierdie geval wysig die sonering van die perseel nie en is die termyn van vergunning gekoppel aan ontwikkelingsaanvraag. (Die sportdissiplines moet gestruktueerd wees.)

2. Beskikbaarstelling van 'n terrein op verhuringsbasis gekoppel aan 'n termyn.

3. Beskikbaarstelling van 'n terrein vir die aankoop van grond.

Sodanige huur- of koopooreenkomste sal 'n gepaste terugvalklousule ten gunste van die Munisipaliteit insluit.

2.2 **Nasionale en Internasionale byeenkomste**

In geval waar 'n sportklub binne die munisipale grense as die gasheer vir 'n erkende nasionale of internasionale sportbyeenkoms optree, kan die Raad dit oorweeg om, op ontvangs van 'n skriftelike aansoek van sodanige sportklub, 'n eenmalige finansiële bydrae of vergunning tot die aanbieding van so 'n byeenkoms te maak. Aansoeke in dié verband moet die Munisipale Bestuurder minstens **8 (agt) dae** voor die betrokke byeenkoms bereik.

2.3 **Erfbelasting**

Die Raad stel alle *bona fide* sportunies en sportklubs van die betaling van erfbelasting vry.

2.4 **Water vir besproeiingsdoeleindes**

Waar water, hetsy rouwater of gesuiwerde water, uitsluitlik vir besproeiingsdoeleindes aangewend word, kan die Raad bystand deur middel van die vasstelling van gesubsidieerde tariewe verleen. Die vasstelling van 'n tarief geskied met inagneming van elke individuele klub se spesifieke behoeftes en berus in die diskresie van die Raad, na gelang van omstandighede en volumes wat gebruik word.

2.5 **Grond vir bo-bemesting of opvulling**

Die Raad kan uit eie bronne grond vir bo-bemesting of opvulling beskikbaar stel teen die vasgestelde tarief per kubieke meter en Sportklubs is self vir die oplaai, vervoer en aflaai daarvan verantwoordelik. Die Raad waarborg egter nie dat sodanige grond vir die doeleindes waarvoor dit verlang word, geskik is nie.

2.6 **Instandhouding**

Die Raad onderhou geen eie sportgeriewe van sportklubs nie, hetsy of dit met bystand van die Raad daargestel is, al dan nie.

2.7 **Bedryfsuitgawes**

Die Raad verleen geen bystand hetsy direk of indirek ten opsigte van normale bedryfsuitgawes van sportklubs nie, met die uitsondering van bystand ingevolge paragraaf 2.4.

2.8 **Noodsaaklike dienste**

Met die uitsondering van water vir besproeiingsdoeleindes, soos beoog in paragraaf 2.4, verleen die Raad geen bystand in verband met noodsaaklike dienste nie en is sportklubs self verantwoordelik vir alle uitgawes in verband met die gebruik van elektrisiteit, water vir huishoudelike doeleindes, rioolwegdoening, vullisverwydering, ens, teen die tariewe wat van tyd-tot-tyd geldend is.

2.9 **Aansoeke om bystand**

Aansoeke om bystand moet, afgesien van 'n volledige motivering en verdere spesifieke inligting wat die Munisipale Bestuurder mag verlang, die volgende insluit indien dit nie reeds in die Raad se besit is nie:

1. 'n Afskrif van die sportklub se konsititusie en 'n behoorlik gesertifiseerde uittreksel uit die notule van die algemene vergadering waar die konstitusie aanvaar en/of gewysig is.

2. Volledige ledelys wat voorletters en van, posadres en telefoonnommers van lede aandui.

3. Afdoende bewys tot bevrediging van die Hoof Finansies, dat finansiële verpligtinge voortspruitend uit enige finansiële bystand nagekom kan word.

4. Voorlegging van program vir sportontwikkeling.

5. Bystand ten opsigte van paragrawe 2.2, 2.3, 2.4 en 2.5 slegs ten opsigte van georganiseerde sport.

2.10 **Beslissing oor aansoeke**

Die oorweging van aansoeke geskied met inagneming van behoeftes, prioriteite, beskikbare hulpbronne en inligting soos vervat in paragraaf 2.9 en die Raad se beslissing oor enige aansoek is teen hierdie agtergrond finaal.

2.11 **Bouplanne**

Voordat enige beplande bouwerk of verandering aan geboue mag plaasvind, moet die nodige planne ingedien en goedgekeur word voordat enige werk 'n aanvang mag neem.

2.12 **Versekering**

Sportklubs neem hul eie korttermynversekering uit waarvoor hulle ook self vir die betaling daarvan verantwoordelik is.

2.13 Drankverkope by stadions soos voorgeskryf deur SANAB en ander toepaslike wetgewing.

3. <u>Bystand aan Opvoedkundige Instellings ten opsigte van eie sportgeriewe</u>

Die Raad is nie verantwoordelik vir die voorsiening en instandhouding van sportgeriewe van opvoedkundige instellings nie.

Teen die voormelde agtergrond mag die Munisipale Raad slegs op beperkte wyse bystand aan opvoedkundige instellings in die Munisipale area verleen, aan die hand van die volgende riglyne:

3.1 **Gebruik van gesentraliseerde sportgeriewe**

By ontvangs van skriftelike aansoeke kan gesentraliseerde sportgeriewe beskikbaar gestel word, teen die tariewe wat van tyd-tot-tyd geldend is.

3.2 **Grond vir bo-bemesting**

Opvoedkundige instellings kan vyf vragte grond jaarliks gratis by die Munisipaliteit bekom. Die grond moet egter self opgelaai, vervoer en afgelaai word.

3.3 **Nasionale en Internasionale byeenkomste**

Die bepalings van paragraaf 2.2 is van toepassing.

4. PROGRAMME DEUR DIE RAAD AANGEBIED OF WAARBY DIE RAAD BETROKKE IS

4.1 Alle sportkodes moet sover moontlik gehuisves word.

4.2 'n Sportkomitee saamgestel uit 4 Raadslede, Hoof Parke en Rekreasiebeampte is oorhoofs vir die opstel en beheer oor die programme verantwoordelik. Konsep jaarprogram moet vir goedkeuring aan die Raad voorgelê word.

4.3 Die jaarprogram moet voor die aanvang van die opvolgende begroting vir goedkeuring voorgelê word.

4.4 Alle ad hoc-programme moet deur die Sportkomitee saamgestel word en aan die Komitee vir Tegniese- en Ontwikkelingsdienste vir goedkeuring voorgelê word.

4.5 Deelnemers aan die verskillende programme moet van die breë gemeenskap van Munisipaliteit //Khara Hais verteenwoordigend wees.

4.6 Bewuste pogings moet aangewend word om aan paragraaf 4.4 te voldoen.

4.7 Organiseerders (georganiseerde sport) moet sover moontlik by samestelling van programme betrek word of hul insette gekry word.

4.8 Alle programme moet 'n breë beginsel van Bathopele, GOP, Masakhane en prestasiebestuur reflekteer.

4.9 Enige vrywillige studente werkers of publiek wat by die aanbied van sport betrek word, moet van die breë gemeenskap verteenwoordigend wees.

4.10 Vergaderlokale sal vir vergaderings van Sport- en Rekreasieprogramme beskikbaar gestel word, indien die Raad daarby betrokke is.

5. ALGEMEEN

5.1 Advertering (baniere en plakkate) en die plasing daarvan moet volgens tans geldende tariewe en Raadsbeleid geskied.

ROLLE

1. Die Subdirektoraat Siviele Ingenieursdienste is verantwoordelik vir die uitvoering van die beleid.

2. Die Sportkomitee.

VERWANTE BELEID

Benutting van Munisipale sportgronde

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.